**Afrikaans Huistaal Graad 10 Vraestel 1**

**Dr Cecilia Klopper**
**0828720039**

**Punte: 70**
**Tydsduur: 2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit **10** bladsye.

**Instruksies en inligting**

Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings

Afdeling A: Leesbegrip (30)
Afdeling B: Opsommings (10)
Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies (30)

Lees alle instruksies noukeurig deur.

Beantwoord al die vrae.

Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

Trek ’n lyn na elke afdeling.

Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

Laat ’n reël oop na elke antwoord.

Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

Voorgestelde tydsindeling

Afdeling A: 50 minute
Afdeling B: 30 minute
Afdeling C: 40 minute

Skryf netjies en leesbaar.

**Afdeling A**: **LEESBEGRIP**
**VRAAG 1**
Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**Teks A: Artikel**

**KAMPVEGTER VAN DIE WILDE PERDE VAN ROOISAND**

Par. 1

Ek ry saam met Leanne Dryburg, ’n voormalige fotograaf in die Okavango-gebied, na die Botriviermonding om die veelbesproke wilde perde van Rooisand te gaan besigtig.

Par. 2

Die eerstes wat ons teëkom, is ’n groepie van sewe wat sommer daar langs die pad staan en op kikoejoegras wei. Dis blykbaar die Palomino-trop met resessiewe gene wat hul vel die kleur van ’n witleeu of ’n koningjagluiperd gee. Toe ons die motor parkeer, neem hulle egter vinnig die hasepad tussen die bome in. Sy verseker my dis beter so, want die perde moenie aan mense gewoond raak nie. Haar leuse is: Bewonder die perde slegs van ’n afstand af.

Par. 3

Leanne en twee ander vrywilligers van Rooisand Wild Horses is die dryfveer agter die beskerming van die perde. Dit is ’n nie-winsgewende organisasie wat hulle daarvoor beywer om die perde te beskerm en wild te hou. Daar is genoeg weiding en hulle is in ’n uitstekende toestand. Hulle moet net uitgelos word.

Par. 4

Die groep bestaan uit sowat sestig vrywilligers wat die perde monitor en op WhatsApp kommunikeer. As hulle byvoorbeeld sien mense waag dit te naby aan die perde, dan gaan waarsku hulle die mense om dit nie te doen nie.

Par. 5

Leanne gee jaarliks ’n perdekalender uit om geld in te samel vir advertensies en die diens van ’n veearts wat soms nodig is. Sy lewer praatjies by gemeenskapsbyeenkomste om mense bewus te maak van die perde se behoeftes en mense op te voed ten opsigte van die perde. Die groot probleem is mense wat die wilde perde voer.

Par. 6

Daar loop sowat dertig perde in vyf groepies wild rond. Die getalle word self gereguleer: As die getalle te veel raak, dan word daar skielik net hingsvulletjies gebore. As daar weer te min perde is, dan word daar weer meer merrievulletjies gebore.

Par. 7

Wat die perde so besonders maak, is dat hulle al vir meer as ’n eeu in hierdie omgewing rondloop. Afrika het nie inheemse perde nie, dus moet die perde van ingevoerde mak perde afstam.

Par. 8

Een van die verhale wat vertel word, is dat hulle voorsate beslis oorlogsperde was, aangesien die Britte tydens die Anglo-Boereoorlog 360 000 perde na Suid-Afrika gebring het. ’n Ander verhaal vertel van ’n boer wat sy perde maar net laat gaan het op ’n stadium.

Par. 9

Wyle prof. Frans van der Merwe het 40 jaar lank die perde bestudeer en was vas oortuig dat die perde van die Bolandse waperd afstam. Die perde is in die 1800’s uit verskillende ingevoerde rasse geteel om waens, ploeë en karretjies te trek.

Par. 10

Leanne wys vir my ’n alleenloperperd wat eenkant staan en knibbel aan seevinkel. Die perde se dinamika is baie soos dié van olifante. Sy en haar gesin het hulle in 2016 in Meerenbosh gevestig waar sy met die perde kennis gemaak het. Toe het die perde haar hartskwessie geword. Sy is ook aan prof. Van der Merwe voorgestel.

Par. 11

Met ’n verkyker en telefotolens het sy soveel inligting oor die perde ingewin dat sy stambome van elke trop kon uitlê. Die perde se dieet bestaan uit bietou, riet, wildegras, asook ghoenavy. In die droë seisoen is daar soms te min water, maar die perde weet waar om te grawe vir water. Die meer se water is te sout. Prof. Van der Merwe het altyd gesê die perde pas in die vleiland soos vingers in ’n handskoen.

Par. 12

Sy en die meeste van die inwoners in die omgewing beywer hulle op ’n daaglikse basis vir die beskerming van die perde. Gelukkig het hulle ook die ondersteuning van die owerhede.

**Bron:** Geïnspireer deur *Weg!* #221

**Teks B: VISUELE TEKS**
**Advertensie: Namibië**

**HEUNINGLAND-TOERE BIED JOU NOU…**
**DIE FOTOGRAFIETOER VAN 'N LEEFTYD!**
**20 MEI – 20 JUNIE 2026**

**NAMIBIË**
**In die Kunenestreek**

**Wat benodig jy?**
Jou eie 4x4-voertuig
Eie brandstof
Eie drinkgoed
Eie versnaperings
Eie kampstoele
Eie kamera





**Bespreek vandag nog!**
**R3000 per persoon**
**info@heuningland.com**

**Bron:** Geïnspireer deur *Weg!* #221

**Vrae: Teks A & B**

| | | |
|---|---|---|
| | **Teks A** | |
| 1.1 | Watter werk het Leanne Dryburg voorheen gedoen? (Par. 1) | 1 |
| 1.2 | Naby watter rivier is Rooisand? (Par. 1) | 1 |
| 1.3 | Haal een woord uit par. 1 aan wat daarop dui dat baie mense weet van die wilde perde van Rooisand. | 1 |
| 1.4 | Waarom wil Leanne nie hê die perde moet te naby aan mense kom nie? | 1 |
| 1.5 | Hoe sou jy die velkleur van die sewe perde in par. 2 beskryf? | 1 |
| 1.6 | Wat lei jy af van die woorde “nie-winsgewende organisasie”? (Par. 2) | 1 |
| 1.7 | Watter drie stellings in par. 2, 3 en 5 dui daarop dat die perde wild moet bly? | 3 |
| 1.8 | Gee ’n sinoniem vir “sowat” in par. 4. | 1 |
| 1.9 | Noem twee funksies van die Rooisand Wild Horses groep. | 2 |
| 1.10 | Hoe samel Leanne geld in vir onkostes soos die dienste van ’n veearts? | 1 |
| 1.11 | Waarom is die volgende stelling onwaar? “As die perde se getalle afneem, dan word daar meer hingsvulletjies gebore.” (Par. 6) | 1 |
| 1.12 | Waarom is die perde so uniek? | 1 |
| 1.13 | Watter opsie oor die oorsprong van die perde is nie waar nie?<br>A. Hul voorsate was oorlogsperde.<br>B. Hul voorsate was Bolandse waperde.<br>C. Hul voorsate was die perde van die boer wat sy perde losgelaat het.<br>D. Hul voorsate was koninklike perde. | 1 |
| 1.14 | Watter een woord in par. 9 sê vir ons dat prof. Frans van der Merwe oorlede is? | 1 |
| 1.15 | Waaruit bestaan die perde se dieet? Noem twee items. | 2 |
| 1.16 | Word die volgende **letterlik** of **figuurlik** bedoel? (Par. 11)<br>“[...] die perde pas in die vleiland soos vingers in ’n handskoen.” | 1 |
| 1.17 | Dui aan of die volgende sin ’n **feit** of ’n **mening** is:<br>“Die meer se water is te sout.” | 1 |
| | **Teks B** | |
| 1.18 | Watter twee ooreenkomste is daar tussen teks A en teks B? | 2 |
| 1.19 | Noem twee verskille tussen teks A en teks B. | 2 |
| 1.20 | Skryf die afkorting “p.p.” voluit. | 1 |
| 1.21 | Watter EEN woord kom in teks A en teks B voor? | 1 |
| 1.22 | Wat word bedoel met “van ’n leeftyd!”? | 1 |
| 1.23 | Wat benodig jy om te gaan toer? | 2 |
| | | |
| | **TOTAAL:** | **30** |

**Totaal Afdeling A: 30**

**Afdeling B: OPSOMMING**

**Vraag 2**

Lees die onderstaande teks en maak 'n **opsomming van die aangehegte tydskrifartikel.**

Let wel:

| | |
|---|---|
| 1 | Jou opsomming moet in jou eie woorde, in duidelike volsinne, in paragraafvorm aangebied word en dit mag nie meer as **80–90 woorde** wees nie. |
| 2. | Jy moet **een** samehangende paragraaf skryf. |
| 3. | Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie. |
| 4. | Dui die **getal woorde** aan wat jy vir die opsomming gebruik het. |

**Teks C**

**LEEUS EN LUIPERD IN LIMPOPO OP VRYE VOET**

Boere net buite Phalaborwa in Limpopo het met 'n skok agtergekom dat hul beeste deur 'n rondloperleeu gevang word. Die leeumannetjie het vermoedelik uit die Letaba Ranch-wildreservaat buite Phalaborwa ontsnap. Die reservaat is nie behoorlik omhein nie.

Die mannetjie van sowat twee jaar oud is danksy wildbewaarders en amptenare van die Endangered Wildlife Trust (EWT) en SANParke in die veld gewaar en verdoof. Inwoners het ook gehelp om die leeu in die hok te laai.

Volgens gerugte was daar nog twee leeus en 'n luiperd op vrye voet. Minah Bahula, die burgemeester van die Sekhukhune-distriksmunisipaliteit moes dringend 'n waarskuwing aan die publiek uitstuur. Mense is gemaan om versigtig te wees as hulle te voet in bergagtige gebiede is.

Leeus en luiperds is volop in Limpopo. Alhoewel dit van Limpopo 'n wêreldskat maak, bly dit gevaarlik vir die publiek.

Die luiperd is in Mookgophong gewaar waar hy hoenders gevreet het, maar het intussen die hasepad gekies.

Iemand wat die luiperd en twee ander leeus gewaar, moet dringend die naaste polisiekantoor of die Sekhukhune-distriksmunisipaliteit kontak.

**Bron:** Verwerk uit Netwerk24

**Totaal Afdeling B: [10]**

**Afdeling C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
**Vraag 3: Advertensie**
Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

**Teks D** **ETOSHA NASIONALE PARK**

**1 KAMP 1 OLIFANTSRUS**
**2** Kamp by Olifantsrus, Etosha se mees beskeie ruskamp in die westelike deel met
**3** net 10 staanplekke.
**4 KAMPPLEK:** 10 staanplekke (maksimum 8 mense per staanplek)
**5 ABLUSIEGERIEWE:** aparte storthokkies en wasbakke
**6 PRYS:** R570 per persoon per nag en R50 per voertuig
**7 KONTAK:** reservations@nwr.com.na
**8 Tel: 0026461285700**




**9 KAMP 2 ETOSHA-SAFARIKAMP**
**10 KAMPPLEK: 20 staanplekke**
**11** (maksimum per staanplek)
- Volvloergras
- Eie lig, braaidrom en kragpunt
- Koeltebome

**15 ABLUSIEGERIEWE:**
- Mans- en vrouestorte, toilette en wasbakke
- 2 aparte opwasplekke vir skottelgoed

**18 PRYS: R325 per persoon per nag**
**19 KONTAK: gondwana-collection.com**
**20 Sel: 0026461427200**
**30 BESIGTIG**
- rooibek-eende & bontkiewiete
- waterskilpaaie & jagluiperds
- sebras & kameelperde
- rooibokke & blouwildebeeste






**Bron:** Geïnspireer deur *Weg!* #221

**Vrae: Teks D**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Wie is die teikenmark van die advertensie? | 1 |
| 3.2 | Hoe het die advertensie jou aandag getrek? | 1 |
| 3.3 | Gee 'n sinoniem van die woord "aparte" in reël 17. | 1 |
| 3.4 | Gee 'n sinoniem vir die woord "ablusiegeriewe" in reël 5. | 1 |
| 3.5 | Watter afleiding maak jy uit die naam Olifantsrus in reël 1? | 1 |
| 3.6 | Gee 'n sinoniem vir die woord "besigtig" in reël 30. | 1 |
| 3.7 | Watter een van die twee kampe in die advertensie sou jy verkies? Gee 'n rede vir jou antwoord. | 2 |
| 3.8 | Skryf "R325" in reël 18 voluit. | 1 |
| 3.9 | "Kampplek" is 'n (kies die korrekte antwoord):<br>A. Afleiding<br>B. Samestelling<br>C. Samestellende afleiding<br>D. Geen van bogenoemde nie | 1 |
| | **TOTAAL:** | **[10]** |

**Vraag 4: Strokiesprent**
**Teks E**
Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg.



**Bron:** Canva

**Vrae: Teks E**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Wat is die **boodskap** van hierdie strokiesprent? | **1** |
| **4.2** | Gee ’n **sinoniem** vir die woord “astronomiese” in Rennie se antwoord in raampie 1. | **1** |
| **4.2** | Watter **afleiding** maak jy uit die formaat van die spraakborrel in raampie 2? | **1** |
| **4.3** | Skryf Nossie se antwoord in raampie 3 oor in die **indirekte rede**.<br><br>Begin so: Nossie antwoord dat ________________________________. | **1** |
| **4.4** | Oor watter **twee dinge** is Nossie en Rennie bekommerd? | **2** |
| **4.5** | Wat sal, volgens Nossie en Rennie, die stropery laat ophou? | **1** |
| **4.6** | Waar vind die gesprek tussen Nossie en Rennie plaas? (Raampies 3 en 4) | **1** |
| **4.7** | Waarop dui die **uitroepteken** na “Beslis, Nossie!” in raampie 4? | **1** |
| **4.8** | Wat is die funksie van die ellips aan die einde van Rennie se sin in raampie 4? | **1** |
| | | **[10]** |

**Vraag 5: Artikel**

Bestudeer die verwerkte brief van ’n leser wat in *Weg!* #221 verskyn het en beantwoord die vrae wat volg:

**Teks F**

**KARKENADES IN DIE KGALAGADI**

**(5.1) Ons het aan die begin van Junie 2025 die Kgalagadi-wildreservaat besoek. Ons het in die Nossob-ruskamp gebly. By die Kij-Kij-watergat het die onmoontlike gebeur (5.2) …**

’n **(5.3) Span** van vyf leeus het rustig van die watergat af in die rigting van die pad geloop. **(5.4) Skielik** het al vyf van hulle op ons voertuig **(5.5) afgepyl**. Twee van die leeus het aan weerskante van ons stilstaande voertuig gaan lê. Ons was angsbevange. Toe ons die vensters wou toemaak, het ons besef die **(5.6) Jimny** se battery was pap.

Ons het maar net **(5.7) stil** gesit en skaars asemgehaal. **(5.8)** Die leeus het af en toe na ons gekyk. Ons wou nie oogkontak maak nie. Kan jy glo ek het die moed gehad om ’n foto te neem?

**(5.9) Meer as ’n uur later** het hulle eers opgestaan en weggeloop. Dit het vir ons soos ’n ewigheid gevoel.

Gelukkig het ’n ander (**iemand wat toer**) **(5.10 )** ____ oorleikabels in sy motor gehad om ons voertuig se battery weer aan die gang te kry.

Dit was ’n uiters stresvolle ervaring en beslis nie iets wat ons ooit sal vergeet nie!

LAURA BOTES, Durbanville

**Bron:** Verwerk uit *Weg!* #221

**Vrae: Teks F**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Kombineer die twee sinne met ’n gepaste **voegwoord**. | 1 |
| 5.2 | Wat is die funksie van die **ellips** (beletselteken) aan die einde van die sin? | 1 |
| 5.3 | Gee die korrekte **versamelnaam** vir “span leeus”. | 1 |
| 5.4 | Gee ’n **sinoniem** vir “skielik”. | 1 |
| 5.5 | Korrigeer die **spelfout**. | 1 |
| 5.6 | Benoem die **woordsoort** van “Jimny”. | 1 |
| 5.7 | Gee die **intensiewe vorm** van “stil”. | 1 |
| 5.8 | Kombineer die twee sinne met die voegwoord **alhoewel**. | 1 |
| 5.9 | Benoem die **sinsdeel**: “Meer as ’n uur later”. | 1 |
| 5.10 | Noem die **persoonsnaam** van iemand wat toer. | 1 |
| | | |
| | **TOTAAL:** | **10** |

**Totaal Afdeling C [30]**

**Totaal vraestel [70]**